# OUMA HANTIE KRY HAAR INTREK

"Ouma Hantie gaan by ons intrek totdat ons vir haar 'n plekkie in 'n aftreeoord kan kry."

Hulle ma kondig dit so terloops aan oor aandete.

Dis vir Wim nie goeie nuus nie. Hy het 'n gevoel iewers gaan dinge backfire en hy gaan aan die kortste ent trek. En hy het dit nie nou nodig nie. Hy het genoeg probleme van sy eie, meer as wat hy aan wil dink, met die mislike LO-taak wat helfte van die jaarpunt tel en waarmee hy net nie 'n begin kan maak nie, en wat hom die jaar gaan laat druip. En nog ander goed wat hom laat sukkel om te konsentreer, soos die feit dat hy wat Wim Vermaak is, skynbaar onsigbaar is. Vir sommige mense, altans.

En nou die nuus van sy ouma.

Dis een ding as sy ouma kom kuier, sy is entertaining en wat nog, maar by hulle intrek? Sy ouma is 'n lopende GoPro wat als raaksien en dan kommentaar lewer, so half asof sy vir 'n uitsaaistasie werk. Hy laat val 'n swaar sug oor die etenstafel

en probeer om Maddie se oog te vang. Sy tweelingsuster moet help walgooi.

Gelukkig lyk Maddie ook min beïndruk met die vooruitsig om hulle ouma in die huis te hê. Sy rol haar oë dramaties, nes sý kan, en gooi haar hande in die lug.

"Moet ons regtig?"

Hulle ma frons. "Moet ons regtig wat?"

Maddie lig haar ken, soos gewoonlik reg vir 'n sarsie of twee. G'n wonder Maddie is hulle pa se gunsteling nie, dink Wim.

"Moet ons regtig vir Ouma inneem?"

Hulle ma laat haar asem stadig uit en kyk om die beurt na hulle, eers na Wim en toe na Maddie. Dan plant sy haar handpalms plat op die tafel.

"Ja, dis die regte ding om te doen. Noudat oupa Henk nie meer daar is nie, het sy mense om haar nodig. Sy is vyf-en-sewentig en kan nie meer alleen bly nie. Eendag as ek so oud is . . . 'n mens kyk tog na jou familie."

As hulle pa nou hier was sou hulle miskien nog hieroor kon praat, dink Wim. Of miskien nie. Dolf Vermaak konsulteer deesdae tot laat, hulle sien hom skaars. Hy is betrokke by die een groot hofsaak ná die ander, besig om naam te maak vir homself as advokaat by die Kaapstadse balie. Nou is net die drie van hulle om die tafel, en hy en Maddie het nie 'n kans teen hulle ma nie. Die laaste tyd haak haar kop te maklik uit. 'n Klompie van haar studente maak haar mal, kla sy gereeld, met hulle skamele talent en swak werksetiek wat dreig om die hele klas die afgrond in te stuur. Hoe sy dit gaan regkry om met

sulke ploeteraars 'n uitstalling op die been te bring voor jaareinde, weet sy nie. Dit gee haar grys hare.

Asof hy en Maddie daarvoor kan instaan.

Maddie se stem klim met 'n oktaaf of drie.

"Ouma se oë volg 'n mens oral rond en sy het iets oor alles kwyt te raak. Dit gee my die creeps. En sy's besig om doof te word. Ma moet vir haar 'n masjientjie koop wat . . ."

Maddie se stem raak weg toe sy sien dat sy te ver gegaan het.

Daar is 'n lang stilte, toe praat hulle ma saggies.

"Jou ouma kom hier bly totdat ons vir haar 'n ander heenkome kan vind. Ek gaan nie toestemming vra nie. Dit is soos dit is."

Maddie sug en haar skouers sak. Eerste rondte aan hulle ma. Maar sy moet tog 'n klein comeback maak, net om te wys sy's nog nie teen die planke nie. Sy draai haar kop, so halfleedvermakerig, en kyk na hulle ma.

"En waar slaap Ouma nogal?"

Hulle ma glimlag asof almal dolgelukkig is oor die vooruitsig om ouma Hantie te huisves. Sy kyk eers na Wim en toe na Maddie, toe terug na Wim.

"Ek en Wim moet nog gesels."

Dit het nie lank gevat, dink Wim, vir die plan om in sy gesig te ontplof nie. Hy weet wat kom.

Die volgende dag is ouma Hantie op hulle drumpel met drie kolossale koffers uit toeka se dae, en 'n ronde boks waaraan sy vasklou asof al haar spaargeld daarin is. Die res van haar goed word vir eers gestoor.

Sy gee Wim ’n drukkie en knyp Maddie se wang.

“Hiernatoe, Ma,” beduie hulle ma vir ouma Hantie in die rigting van Wim se kamer, met Wim agterna, al stoeiend met twee van die koffers. Hy sal nog ’n trip moet doen vir die derde koffer, maar darem dra ouma Hantie self haar ronde boks.

“Dis waar Ma gaan slaap, in Wim se kamer. Ons het van sy goed opgepak sodat Ma meer plek het. Kyk, die een kas is nou leeg, en hier is ’n laai vir los goed.”

Ouma Hantie kyk bekommerd rond.

“En wat dan van Wim, waar slaap hy?”

Hulle ma kyk na Wim en glimlag stroopsoet.

“Wim het in die stoepkamer ingetrek, hy sal daar slaap. Hy gee nie om nie.”

Nee, dink Wim, dis nie heeltemal waar nie. Eerder: Hy het nie veel van ’n keuse gehad nie. Maddie sou nooit haar kamer opgegee het nie, en hulle het nie ekstra spasie nie, dis nie asof hulle ’n gastehuis bedryf nie. Maar niemand moet dink hy gaan gemaklik raak in die stoepkamer nie. Dis nader aan uitkamp, so sonder geriewe, definitief nie ’n langtermyn-opsie nie. Sy pa beter werk maak van daardie aftreeoord, die Wi-Fi in die stoepkamer neuk maar met die beste van tye.

Maddie hou vir ’n wyle die spulletjie van ’n afstand dop en glip dan stil-stil by haar kamer in en trek haar deur op knip.

Die eerste paar dae is rof. Hulle sukkel om gewoond te raak aan ouma Hantie, die wandelaar met haar sterk verbeelding, wat alles scan en dan krom en skeef prosesseer – van die posman wat sy vermoed ’n spioen is, tot die agente wat hulle afluister as

die televisieskerm donker is. Wim weet dis al die flieks wat sy kyk wat in haar kop 'n spanningslyn opbou. Hy sal haar programme 'n bietjie moet nagaan, miskien ietsie ligters vir haar kry, 'n low-tech gangster movie met skietery en karre wat van brûe afjaag. Dit behoort haar lekker te laat chill.

Hulle ma het min simpatie wanneer hulle kla oor die nuwe inwoner. Too bad, hulle moet maar net om ouma Hantie leef. Dan sal sy soort van blend met haar agtergrond, sonder om te veel storings te veroorsaak.

Wim is nie so seker daarvan nie. Net gister het sy die wêreld omgekeer toe sy spoorloos verdwyn het, by die tuinhek uit en straataf, sonder haar selfoon. 'n Uur later het hulle haar in die parkie gekry, 'n blok van die huis af, waar sy op 'n bankie sit en oor die dammetjie uitstaar waar die eende baljaar.

Haar verduideliking was eenvoudig: Sy het ingehok gevoel en wou 'n bietjie asem skep, weg van al die mense af. Het sy dan nou toestemming nodig om 'n bietjie rond te loop, wou sy weet?

Toe hulle ma die aand met ouma Hantie praat oor die paniek wat sy veroorsaak het deur so ongesiens weg te loop, kon Wim sien sy ouma was nie lekker nie. Wim het later vir haar 'n comedy DVD in die speler gedruk en haar voor die televisie sit gemaak dat sy 'n bietjie kon lag en die dag uit haar gestel kry.

En nou is Wim op wagdiens. Sy pa het hom op 'n retainer van R100 per week gesit om 'n ogie oor ouma Hantie te hou, net om te keer dat sy haarself nie skade aandoen nie. Wim was 'n bietjie skepties oor die besigheid, maar die geld is altyd

welkom. En hy het planne prakseer om haar leisels kort te hou: Ouma Hantie se selfoon is nou in 'n sakkie wat sy permanent om haar nek dra, en die naweek sal hy vir haar 'n dog tag laat maak wat sy om haar pols kan dra, met haar naam en hulle adres en telefoonnommer. Een van daardie ronde koperplaatjies met 'n kettinkie. Daar is 'n ou by die winkelsentrum se ingang wat dit vir vyftig rand stuk maak. Hy sal die geld by sy ma moet bedel, hy kan nie nog dié storie ook sponsor nie.

En hy het vrede gemaak vir eers; tot sy ouma by 'n aftreeoord intrek sal hy maar in die stoepkamer uitkamp en sy weeklikse retainer kollekteer.

# HAROLD KOM HUIS TOE

Wim sien Maddie se kamerdeur is op 'n skrefie oop en haar lig is aan. Hy glip vinnig binne. Maddie sit op haar bed, kruisbene, 'n vel papier platgestryk op haar skoot. Sy kyk op toe hy inkom, haar uitdrukking wantrouig.

"Wat soek jy in my kamer?"

Wim hou sy vinger teen sy lippe.

"Sjuut, ek probeer net vir 'n minuut wegkom van Ouma. Sy agtervolg my behoorlik, soort van asof sy bang is ek verloor haar."

Maddie frons.

"Maar word jy dan nie betaal om haar op te pas nie?"

"Hier in die huis is sy veilig. En dis nie 'n 24/7 job nie, daarvoor is die geld te min."

Maddie sug oordrewe.

"Oukei, maar moenie gemaklik raak nie. Twee minute."

Hy knik, half verbaas oor haar gewilligheid om hom te help. Deesdae is sy maar moeilik.

Hy beduie na die vel papier.

"Wat is dit?"

Maddie sug weer.

"'n Brief van Mars One af. Slegte nuus. Kyk maar self."

Wim leun vorentoe en vat die vel papier. Hy bewonder die logo vir 'n oomblik, dan begin hy lees en sy oë rek.

*Dear Madelyn*

*Thank you for the interest you have shown in our project and your application to form part of the first group of astronauts to travel to Mars.*

*However, as you are not yet eighteen years of age, we cannot consider your application without your parents' consent.*

*Yours faithfully*

*Signed: Commander Rooth*

"Wow, jy wil Mars toe gaan?"

Maddie pluk die brief uit sy vingers, dan frommel sy dit op en gooi dit teen die muur.

"Hulle mis die punt. Wanneer die eerste groep mense Mars toe gaan sal ek mos al lankal agtien wees. Hoe kan dit teen my tel as ek vroeg begin planne maak? Oor drie maande is ek vyftien, en dan is dit net 'n kwessie van tyd voor ek agtien is, dan kan ek op die program gaan. In 2023 is ek negentien, dis wanneer ons gaan vlieg. Wel, nie tegnies vlieg nie, as ons eers uit die aarde se atmosfeer is, dryf die motore die ruimtetuig waar dit moet gaan. Maar dis nie nou belangrik nie."

"Wat wil jy op Mars gaan maak?"

Maddie skud haar kop asof sy met 'n swaap te doen het.

"Kyk om jou rond. Wat gaan ek hier mis? Ouma maak mo-

leste en Ma weet skaars van ons bestaan, sy stres oor haar studente. En Pa, wat óf konsulteer óf in die hof is; ons sien hom skaars. Skool is ook nie te great nie. Maar as ek op Mars is, lyk alles anders, Aarde is maar net 'n blink planeet, soos Venus. En ons sal die eerstes wees wat voetspore op Mars los. The new frontier."

"En wie gaan vir jou betaal? Pa kla oor ons skoolgeld en al die ander goed, hy gaan nie geld op so iets mors nie. Dit gaan mos megabucks kos om so 'n trip te maak?"

"Mars One sponsor almal, dis hulle projek, hulle het sakke vol geld. Almal wil 'n stukkie van die aksie koop, mense adverteer en betaal klomp geld om hulle produkte in die projek te kry. Dit gaan my nie 'n sent kos nie."

Wim dink oor alles na, en dan besluit hy dat hy liewer nie vir Maddie gaan vra of sy hom sal mis nie. Hy wil nie die antwoord hoor nie.

"So gaan jy Ma en Pa se toestemming vra?"

"Is jy mal? Hulle sal uitfreak as hulle van my planne uitvind. Of liewer, Ma sal, en haar verf teen die mure uitgooi. Pa sal strikvrae stel, hy sal maak of ek in die getuiebank staan. Ek kan hom al hoor, vrae soos: Hoe verplaasbaar dink jy is die mens se psige weg van die aardbol af? Of: Sal so 'n rit evolusionêr eise stel? Vrae wat nie eens lekker sin maak nie, en definitief nie antwoorde het nie. Jy weet hy praat oor ons koppe as hy 'n punt wil maak."

Wim is beïndruk.

"Waar kom jy in elk geval aan sulke vrae? Jy klink nou net soos Pa."

"Dis vrae wat mense op die Mars One se website intik, dis waar ek dit gelees het. Soos ek sê, maak nie veel sin nie."

Sy bal haar vuis.

"Nee, ek dink nie ek gaan hulle toestemming vra nie. Ek sal 'n ander plan moet maak."

Sy gaan lê op haar bed en druk oorfone in haar ore, maar die musiek is so hard dat Wim die lirieke van David Bowie se "Space Oddity" duidelik kan hoor.

*I am sitting in a tin can*
*Far above the world*
*Planet Earth is blue*
*And there's nothing I can do*

En op daardie oomblik dink hy hy verstaan so effens wat in Maddie se kop omgaan: Sy wil die blou aardbol van ver af sien, deur die venster van 'n ruimtetuig. Sy wil almal wegdink en kontak maak met Major Tom, die ruimtevaarder wat al so lank wag om te hoor van Ground Control.

Alles splinternuut, alles wildvreemd.

En as hy daaraan dink, moet hy toegee dat dit nogal cool is dat sy suster Mars toe wil gaan.

En dat net hy daarvan weet.

Om Mars toe te gaan is iets waaraan hy nooit sou gedink het nie. Sy lewe is hier op die aarde. Waar hy nog 'n plan moet uitwerk hoe om die LO-taak te tackle en raakgesien te word. Maar nie noodwendig in daardie volgorde nie.

Net toe dinge min of meer weer rustig begin raak in die Vermaak-huis, net toe ouma Hantie begin blend, kom sy ma

straataf gery, aan die stuur van ’n geleende bakkie, met Harold agterop, uitgestrek op ’n kombers, kake wyd oop.

Toe Wim vra wat aangaan, is sy ma nogal opgewerk.

“Van my studente het begin geraas maak dat dit ’n menseregteskending is om ’n geraamte aan ’n kapstok uit te stal. Hulle het gedreig om Harold te begrawe. Ek het hom net betyds daar weggekry.”

Wim en sy ma dra Harold net so op die kombers by die tuinhekkie in, stadig en versigtig, met sy ma wat maan dat hulle hom nie mag laat val of teen iets stamp nie, sy beendere is al taamlik broos, hulle stap al ’n lang pad saam.

Darem is Harold nie te swaar nie, hy sou die geraamte maklik op sy eie kon dra as dit moet. Van ekstra hande om te help is daar in elk geval nie sprake nie. Maddie is weg vir die middag, by een of ander debatsessie.

Die enigste ondersteuning waarop hulle kan staatmaak is ouma Hantie se lopende kommentaar, kompleet of sy saamdra aan die las.

Harold het die laaste paar jaar gemaklik gehang aan sy kapstok by die universiteit se kunsskool, waar sy ma klasgee. Kuns en drama. Wim was self ’n paar keer daar om sy ma te help verfdoeke oor houtrame strek. Toe hy sy ma gevra het waarom Harold dan in haar kunsklas moet hang, was haar antwoord eenvoudig dat die geraamte haar beter insigte tot die mens se anatomie gee, en sommer ook vir haar studente, wat elke stukkie hulp nodig het wat hulle kan kry.

Maar Wim weet nie so mooi nie. ’n Mens verf mos nie geraamtes nie? Miskien is dit waarom haar studente nie lekker

aan die verf kan kom nie, hulle verf nie mense van vlees en bloed nie.

Wim laat Harold stadig sak tot op die vloer van die ateljee en gee ’n tree terug.

“Eendag sal Ma hom seker self moet begrawe?”

Sy ma gee ’n snork van verontwaardiging.

“Oor my dooie liggaam begrawe ek hom. Hy sal my nooit vergewe nie, hy’s te gewoond aan die oopte.” Sy kyk om haar rond. “En ten minste is hy veilig hier. Niemand kom op die erf sonder Bella se toestemming nie.”

Al wat Wim weet van Harold, al wat enigiemand weet van Harold, sover sy kennis strek, is dat Harold dateer uit sy ma se vroeë universiteitsdae, en dat Harold haar lewe gered het toe sy nog ’n jong student was. Harold het in haar koshuiskamer aan sy kapstok gehang toe ’n vreemde man daar ingebreek het terwyl sy sit en studeer. Die man het sy ma met ’n mes gedreig, maar toe hy Harold gewaar, het hy hom simpel geskrik en weggehardloop.

Harold, die beskermer, soos sy ma hom soms noem, wat blykbaar nie een mens is nie, maar ’n versameling van bene wat hulle pad saam gevind het, en wie se een arm baie korter is as die ander – miskien omdat dit nie ’n mensbeen is nie?

Toe hulle kleiner was het hy en Maddie mekaar bang gemaak met stories van rowers wat grafte plunder en beendere stuk-stuk opveil en verkoop by ’n mark iewers in die middel van ’n woud. Of mans met lang jasse wat met tasse vol half-mens-halfdiergeraamtes in ondergrondse tonnels rondstap om afsprake met kopers na te kom.

Maar eintlik weet hulle niks. Sy ma praat nie daaroor nie.

"Ag wat, dis 'n lang storie," is haar standaard-antwoord as iemand vra.

En een ding staan nou vas, sover dit sy ma aangaan: Harold se swerwersdae is vir altyd verby; hy bly vir die res van sy dae by haar aan't huis.

En nou hang Harold gemaklik aan sy kapstok in sy ma se ateljee met die uitsig oor die blou swembad, met kake permanent aan die grynslag asof hy gaande is oor sy nuwe adres. En die bure se drie katte skree soos besetenes van agter die heining, maar bly buite sig. Dis nie 'n slegte ding nie, reken hulle ma, die katte het net gepla, en rondgeloop oor haar papiere en haar verfpotte omgestamp.

Bella die Boerboel het later die middag aan die nuwe aankomeling kom ruik, en vinnig 'n plassie onder Harold se voete gemaak voor iemand kon keer. Darem het sy nie aan die beendere begin kou nie, dink Wim verlig. Small mercies.